Solidariteit Helpende Hand

VORDERINGSVERSLAG

KOSBLIKKIEPROJEK

Die gebrekkige voeding van kleuters in behoeftige gemeenskappe

Solidariteit Beweging

Tel: 012 644 4390 • Faks: 086 218 3216 • E-pos: diens@helpendehand.co.za • Posadres: Posbus 8766, Centurion, 0046
Maatskappy sonder winsoogmerk – Reg.no: 2005/026334/08 • 046-086-NPO • PBO 93001 8015

www.helpendehand.co.za • 0861 25 24 23

Inleiding

Helpende Hand het in Desember 2015 die liggaamsmates geneem van kleuters wat deel uitmaak van die Kosblikkieprojek. Dieselfde kleuters se mates is weer in Januarie geneem om te sien hoeveel die kinders gegroei het, met die doel om te bepaal of hulle voldoende voeding gedurende die tydperk ontvang het. Die kleuterskole was tydens Desember gesluit en kleuters het dus nie by die Kosblikkieprojek kos ontvang nie.

Hoe lyk die demografie van kleuters?

Helpende Hand ondersteun tans 4 508 kleuters deur daagliks aan hulle ’n gebalanseerde maaltyd te verskaf. Daar is ’n steekproef gedoen by vyf kleuterskole regoor die land wat deel uitmaak van die Kosblikkieprojek. Die meeste van die kleuters (65%) was 4 - 5 jaar oud, 21% was 2 - 3 jaar oud en 14% was ses jaar en ouer gewees. Daar was bykans ewe veel dogters en seuns, met 49% meisies en 51% seuns in die klasse.

Verlies aan liggaamsmassa

Daar was ’n duidelike verlies aan liggaamsmassa by die kleuters. In een kleuterskool het tot 93% van die leerlinge ’n gewigsverlies getoon vanaf die eerste meting in Desember tot in Januarie. ’n Effense toename van 0,83% het by sewe persent van die kleuters plaasgevind.

Die gemiddelde gewig van die kleuters was 16,7 kg by die eerste meting in Desember, maar die getal het tydens die vakansie met 300 gram, oftewel 2% gedaal weens ’n gebrek aan voeding.

Die kleuters se groei in lengte is ook deur die tekort aan ’n gebalanseerde maaltyd benadeel.



Fig. 1 Die wisseling in liggaamsmassa van kleuters vanaf eerste na tweede meting

Herstel na vakansie

Die Kosblikkieprojek is weer in Januarie 2016 hervat en kleuters kon weer daagliks ’n gebalanseerde maaltyd verwag. In Maart, drie maande na die tweede meting, is die kleuters weer gemeet. Weereens was daar ’n duidelike verskil in die gewig van die kleuters. Kleuters het gemiddeld 4,3% van hul liggaamsmassa opgetel.

In sekere gevalle het die kleuters tot 19% van hulle liggaamsmassa gegroei danksy die Kosblikkieprojek se voedingsprogram. In 20% van die gevalle was daar òf geen verbetering nie, òf ’n afname in gewig nadat die kleuters weer op die voedingsprogram geplaas is. ’n Verdere 22% van die kleuters het van skole verwissel en het nie na die vakansie na die kleuterskool teruggekeer nie.

Verder het die gemiddelde gewig van die kleuters vanaf 16,4 kg tot 17,1 kg gestyg met die derde meting. Daar is ook ’n gemiddelde toename van 1,5% in die lengte van die kleuters. Dit is aansienlik vir kinders van hierdie ouderdomsgroep.



Fig. 2 Persentasie gewig aangesit vanaf tweede na derde meting

Terugvoer vanaf die kleuterskole

Die Kosblikkieprojek ontvang geweldige positiewe terugvoer vanaf die onderwysers wat by die kleuters betrokke is. Volgens die onderwysers help ’n vol magie nie net dat die kleuters kan konsentreer nie, maar dit help ook dat hulle minder geïrriteerd en bakleierig is.

Onderwysers bestempel die projek ook as “broodnodig” omdat baie kleuters honger by die skool opdaag en die ouers geen inkomste het nie – die kind kan dus nie uitsien na ’n maaltyd by die huis nie. Gedragsprobleme soos AAHS (aandagafleibaarheid- en hiperaktiwiteitsindroom) wat nie deur behoeftige ouers aangespreek kan word nie, vind verligting as gevolg van die meer gebalanseerde dieet wat die kinders geniet.

Kleuters word danksy die voedingsprojek bestempel as fisies sterker. Hul groot en klein motoriese vaardighede sowel as intellektuele en emosionele ontwikkeling baat ook by die toevoeging van ’n

gesonde maaltyd. Dit beteken dat kinders meer gehoorsaam is, hul take makliker kan verrig en dat hul selfvertroue verbeter.

Opsomming

Omrede groeiende kinders konstant groei en hul beendere, tande en spiere dus voortdurend ontwikkel, benodig hulle voortdurend voedingryke voedsel. ’n Kind wat genoegsaam gevoed is, het genoeg energie om positief op stimuli uit sy of haar omgewing te reageer.

Kleuters se emosionele, intellektuele en fisieke ontwikkeling ly onder ’n gebrek aan hierdie gesonde voedsel. Kinders kan tot soveel as 2% van hul liggaamsmassa binne slegs een maand verloor indien hulle nie gebalanseerde maaltye eet nie. Gelukkig kan die toevoeging van ’n projek soos Kosblikkie toesien dat daar dramatiese verbeteringe in die ontwikkeling van kleuters plaasvind.

Volgens dr. Danie Brink, hoof uitvoerende direkteur van Helpende Hand, is dit duidelik dat die projek ’n verskil in die lewens van hierdie kleuters maak. “Helpende Hand glo vas dat daar deur opvoeding ’n einde aan armoede gebring kan word. Daarom is die Kosblikkieprojek geskep om seker te maak dat arm kleuters die nodige voeding kry om suksesvol te ontwikkel en om te kan leer.”

Die projek word voortdurend gemonitor om seker te maak dat daar optimaal aan kinders se behoeftes voldoen word. Die publiek word aangemoedig om die projek te ondersteun. SMS die woord “bord” na 38969 om R10 te skenk en ’n bydrae te maak tot ’n gesonde bord kos vir ’n kleuter.

Vir meer inligting oor die Kosblikkieprojek, kontak gerus vir Margolé Riekert, projekorganiseerder: Solidariteit Helpende Hand op 012 644 4390.